**Dinsdag 15 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:49-56**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:49**
**U het dan belowe!**

Die digter het vreeslik deurgeloop onder die gespot van vermetele mense, omdat hy gehoorsaam was aan die Here se wil (vs 51). Daarom wil die digter die Here in vers 49 herinner aan sy woord waardeur Hy aan hom hoop verskaf het. Hierdie "woord" wat hom hoop gegee het, is niks anders as die Allerhoogste se beloftes nie. Vandaar dat ons net in die volgende vers lees dat die beloftes van Here hom troos. Ja, so kragtig is God se beloftes – die digter lewe daardeur.

Die Here se beloftes troos gelowiges dat ons nie swig onder die gebrokenheid nie. Nee, ons kan weer opstaan en hoopvol lewe. Hoeveel beloftes het ons nie in die Bybel ontvang nie? Al daardie beloftes trek uiteindelik saam in die Man wat in Eden beloof is. Dit trek saam in Hom wat elke spot en skande gedra het en deur Wie se wonde ons genees is. Christus waarborg God se beloftes aan ons deur die Gees van die belofte aan sy kerk te gee. Deur die doop en die nagmaal versterk die Heilige Gees ons geloof dat God se beloftes vir ons persoonlik bedoel is. Sy beloftes geld nie net vir ander nie, maar ook vir my.

Mense wat dit glo, lewe met hoop, want God kan nooit vergeet nie. Sulke mense kan met 'n vaste vertroue bid: O Here, my God, U wat nooit kan vergeet nie, dink tog hieraan: U het ook aan my beloftes gemaak. Ons is getroos en lewe met 'n vaste hoop, want die Here sal sy beloftes nakom.

*Sing: Psalm 119-1:15, 18*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)*